FERTILISER

BOZINMAN

Reg. Nr. B3023 Wet Nr. 36 van 1947

'n Gecheleerde Boor, Sink en Mangaan kunsmis wat gebruik word om die Boor-, Sink-, en Mangaanvlakke in 'n wye reeks plante te handhaaf of te verhoog.

Wat is Bozinman?:

- **Bozinman** is 'n wateroplosbare blaarvoeding wat bestaan uit 'n kombinasie van Boor, Sink en Mangaan en is effektief in die regstelling van tekorte, voorkoming van tekorte tydens ongunstige klimaatstoestande en die instandhouding van Boor-, Sink-, en Mangaanvlakke in gewasse, veral tydens aktiewe groeiperiodes.

Watter voordele bied Bozinman?

- **Bozinman** bestaan uit 'n gecheleerde mengsel van Boor, Sink en Mangaan. Chelasie is die proses waar 'n multivalente katioon omhul en beskerm word deur 'n ander molekule en sodoende geneutraliseer word.

  Gecheleerde produkte bied die volgende voordele:

  - o Elemente met 'n positiewe lading word aangetrek en vasgehou deur die negatief gelaaide blaaroppervlak en dring nie die blaar optimaal binne nie.
  - o Gecheleerde produkte is meer mengbaar met ander chemise middels weens hierdie neutrale lading.
  - o Gecheleerde produkte word minder beïnvloed deur waterkwaliteit, spesifiek pH.
  - o Opname en translokasie is baie vinniger as gevolg van die neutrale lading en klein molekuul grootte.
- **Bozinman** as blaarvoeding voorsien die plant van voldoende Boor, Sink en Mangaan tydens die plant se kritiese groeifases.
- Boor is aktief betrokke by stuifmeelontkieming en vrugset van vrugte en neute.
- Plante se behoefte aan Boor is dikwels hoër tydens die blomfase en vrugset in vergelyking met die vegetatiewe groeifases. Dit is dus uiters belangrik om hierdie behoeftes betyds aan te spreek.
- Boor is nie baie beweeglik in plante nie – **Bozinman** voorsien die produsent met 'n oplossing om die vlakke van Boor in plante tydens die kritieke reproduktiewe groeifase vining te verhoog.
- Sink staan bekend as die energie voedingstof en is belangrik om suikers te reguleer. Dit is noodsaaklik vir opname van fosfaat
- Mangaan speel 'n baie belangrike rol tydens stikstofbinding, want dit bevorder die opname van nitraat asook reduksie van nitraat na amiene. Mangaan speel 'n belangrike rol in fotosintese.

Hoe om Bozinman te gebruik:

- **Bozinman** is 'n wateroplosbare poeier en word toegedien as blaarvoeding.
- **Bozinman** toedienings moet vroegoggend of laatmiddag gedoen word. Vermy enige bespuitings in temperature bo 30°C.
- Vermy bespuiting op plante wat onder stres verkeer.

Waar om Bozinman te gebruik:

- **Bozinman** is geregistreer op 'n wye reeks landbougewasse, spesifiek: Steenvrugte, kernvrugte, neutgewasse, rygewasse, subtropiese vrugte, aangeplante weidings en groentegewasse.

*Sien etiket vir verdere instruksies en inligting.

www.rolfesagri.co.za

Rolfes Agri (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
288 Mundt Street, Waltloo, Pretoria
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418